Die vraag: Is Kruipvoer betalend??

Nuusbrief – Februarie 2018

Charlie Hodgson

1. Agtergrond van Kruipvoer Proef gedoen in die Kalahari:

1. Drie troppe ooie is gebruik, twee as proef en een as kontrole
2. Die troppe bestaan uit 200 – 400 ooie
3. Tien lammers is in elke trop ewekansig uitgehaal en genommer met 'n oorplaatjie van een tot tien
4. Lammers is geweeg aan die begin van die proef en weer na 53 dae
5. Lammers se ouderdom het gewissel tussen twee en ses weke (Kruipvoer moet van tien dae ouderdom beskikbaar wees)

Tipiese Kruiphok met die hekkie sisteem

2. Gemiddelde Daaglikse Groei Vergelyking:



- Die proefgroep het **Veekos se Kruipveekorrels** gekry
- Die kontrole groep het geen Kruipveekorrels gekry nie

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351

3. Som van Kruipvoer Winsgewendheid in Proef:

(Pryse was geldig gedurende Desember 2017)

Verhoogde GDT (g / dag)	85
Periode (dae)	53
Addisionele gewig bo kontrole groep (85 g / dag x 55 dae)	4 675
Skaalprys (R / kg)	R 33
Randwaarde (4.7 kg x R33 / kg)	R 154.28
Voerverbruik (kg / lam)	22
Voerkoste R / kg	R 4.10
Totale voerkoste	R 90.20
Addisionele wins per kop	**R 64.08**
Addisionele wins per 1 000 lammers	**R 64 080.00**

4. Verdere voordele van Kruipvoer:

1. Hoër speengewig
2. Lammers word vroeër bemark
3. Ooie kan vroeër weer gedek word
4. Ooie vat makliker weer ram
5. Verminder die druk op weiding
6. Lammers pas makliker aan in die voerkraal

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351

5. Mates van Kruipvoerpyp:



Pyp:	300 mm
Gate:	140 mm
Lengtes:	3 m of 6 m
Aantal gate:	34 per 3 m pyp
Spasie tussen gate:	40 mm
Spasie van die kant van die pyp tot die 1ste gat:	100 mm

Driehoek op punt van pyp:

- Begin met vierkant van 400 mm x 400 mm
- Sny vierkant in die helfte om twee driehoeke te vorm
- Platyster met moertjie aan die bokant
- Plat- of driehoekyster aan onderkant vir voetstuk

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351